**Sondag 16 April 2023**

Ons lees vanoggend vanuit Handelinge 2:14,22-32 (Lees die teks).

Lees vers 32 ‘n paar maal deur.

Die vraag, die Sondag na afloop van Paasfees, is elke jaar, hoe kan ons nou hierdie gebeurtenis, hierdie oortuiging van Jesus se opstanding, in die wereld inneem. Hoe kan ons Handelinge 2:32 die wêreld inddra sodat dit in elke huis en hart voortleef.

Hierdie Sondag se lees rooster teks is deel van Petrus se preek op Pinksterdag, en is saamgestel uit die middelste gedeelte van daardie preek.

En die vraag wat voortdurend by my opgekom het. Wat, as ons nou almal getuies is?

Hoe oortuig ons mense van hierdie opstanding? Hoe oortuig ek my klasmaats, of kollegas, of kind, of familie, of werknemer of vreemdeling dat daar krag is in wie God is. Dat hierdie liefde, hierdie omgee, hierdie genade ook vir hom of haar bedoel is?

Petrus verduidelik in Handelinge wat eintlik onverduidelik baar is. Sekere dinge moet ‘n mens maar net sien, hoor, ervaar en jouself daaraan verwonder. Petrus probeer met woorde en tekste wat aan sy hoorders bekend was, alles in perspektief stel. Dit is mos wat ons doen, ons gebruik bekende metafore.  Hy verdedig homself en ander verduidelikend teen die aanklag dat hulle dronk is. Ek weet nie hoe suksesvol hy was nie. Daar het wel ‘n klomp mense tot bekering gekom op daardie dag, maar ek sou nie weet of dit agv Petrus se woorde of ten spyte van Petrus se woorde was nie.

My vermoede is dat dit meer agv die Goddelike en verrassende gebeure van Pinksterdag was. Deur die eeue heen sou die kerk leer dat ons nie die wêreld en hulle ongeloof kan oortuig met slim woorde van groot kennis nie.

Die kerk sou leer dat hulle woorde nie die krag het wat hulle bloed het nie. Die kerk sou leer dat hoe ons saam met Jesus kruisdra, mense sal oortuig. Die kerk sou leer dat waar ons voete loop en waar ons hande help, in stilte en sonder woorde, mense vanuit verwondering daaroor tot oortuiging kom.

Mense word meer oortuig deur wat hulle sien as deur wat hulle hoor. Dit het baie vêrreikende gevolge vir raserige kerkgenootskappe en kerkbyeenkomste. Iewers het ek mos ook gelees dat God in die stilte was/is. Iemand sê: “If you can improve on the silence, only then you may speak”. Gaan loer maar bietjie na Jesus se woorde wat hy tydens die kruis toneel uiter. Dit is nie baie nie. Hier en daar sê hy iets. Maar duisende jare later, word ons almal oortuig nie sy woorde nie, maar deur sy dade.. aan die kruis, met die leë graf, met die opstanding.

Daar is ‘n gedagte wat lees:

- *“There is no use walking anywhere to preach, if your walking is not preaching.*

*”*Ware woorde. Dis maklik om vir ander te sê hoe hulle moet leef, of om gedurig fout te vind met mense se optrede rondom ons. Tog het ons almal klei voete. Dit is makliker om te preek as om my eie preek roete daagliks te loop.

Stephan Joubert skryf hieroor, en hy noem:

*Daar’s goeie nuus egter, en dit is dat ons almal wat aan die Here behoort steeds onder konstruksie is.*

*Ons is lewenslange beeldhouwerke in die hande van die hemelse Beeldhouer. Ons is onder permanente konstruksie van die Heilige Gees. Hy is die Meesterbouer vanuit die hemel. Hy omskep menslike bouvalle in lewende tempels ter ere van God. Soms speel ons wel eienaarbouer en dan is dit chaos. Maar gelukkig begin God daagliks voor met ons. Dit gee my moed om elke dag aan te hou met loop…*

*Jaco Strydom skryf is sy treffende boek Leef Lig (2021:26-27) die volgende:*

*Jy kon byvoorbeeld hoor hoe Jesus sê: "Wees lief vir jou vyande," of: "Draai die ander wang," of jy kon Hom dophou aan die kruis en sien hoe hy bid vir die mense wat hom doodmartel. Jy kon na Jesus se woorde luister: "Die een wat in julle kring die grootste wil wees, moet die ander dien," of jy kon Hom dophou waar Hy sy dissipels se voete was. Sonder om 'n woord te hoor, sou jy dieselfde boodskap kry.*

*AS ons wil hê die wêreld moet die kerk ernstig opneem, sal ons meer moet doen as om net nog meer te praat, te skryf, te sing en selfs te bid. Die kerk het die vinnigste gegroei in die eerste paar eeue toe Christene verbied is om in die openbaar te praat. Volgens die getuienis van die kerkvaders, soos Justinus die Martelaar is die Christene se getuienis dikwels slegs aangehoor tydens hulle teregstelling. Die vroeë kerk het ook die evangelie verkondig, maar omdat die kerk 'n verbode organisasie was, is 'n groot deel van hulle getuienis nie deur die wêreld "gehoor" nie, maar "aanskou". En juis dit het gesag gegee aan hulle boodskap wanneer dit die dag gehoor is. Ons word meer dopgehou as wat ons dink! My en jou leefstyl maak dat mense ons woorde glo, of nie glo nie, Ons gewoontes gee gesag aan ons boodskap.*

- Dalk gaan dit nie soveel oor ons woorde nie, maar liewer ons werke.
- Dalk gaan dit nie soveel oor ons gebede nie, maar liewer oor ons gewoontes
- Dalk moet ons ophou ons bekommer oor die feit dat mense nie na ons luister nie, maar liewer ons bekommer dat hulle ons altyd dophou.
- Dalk nooi Petrus ons uit, om vanuit die Opstanding self op te staan en woordloos ons getuienis in die wêreld te gaan uitleef.

In die naam van hulle geskiedenis hoor ons dit: HANDELINGE in afrikaans en ACTS in engels. Die naam van hulle geskiedenis is nie WOORDE in Afrikaans of WORDS in engels nie.

*Geskiedenis gaan oor dit wat gedoen is, nie dit wat net gepraat was nie.*

Wat my laat dink aan 'n bekende liedjie wat ons gaan saamluister. Dit is die liedjie van Ronan Keating/ Boyzone "When you say nothing at all …"

It's amazing how you can speak right to my heart
Without saying a word, you can light up the dark
Try as I may I could never explain
What I hear when you don't say a thing

The smile on your face let me know that you need me
There's a truth in your eyes saying you'll never leave me
The touch of your hand says you'll catch me if ever I fall
You say it best when you say nothing at all

*Luister lied- Nadink oomblik rakende jou eie Handelinge.*

Seënbede:

Christus het gesterwe!

Christus het opgestaan!
Christus regeer in heerlikheid!
Christus kom weer!
Amen! Kom, Here Jesus!